Terug na Nuugebeure

Die ekonomie as deel van ‘n Vryheidsplan (2)

Vandeesweek kom die huidige posisie van die Afrikaner op ekonomiese gebied aan die beurt. In dié aflewering word die vraag beantwoord: Waar bevind die Afrikaner hom op die oomblik?

Rudolf Buitendach

Die huidige posisie van die Afrikaner op ekonomiese gebied

As ‘n mens vorentoe wil beweeg, is die eerste stap om te bepaal waar jy jou op die oomblik bevind. Die tweede stap is waarheen jy wil gaan – jou einddoel. Daarna eers kan die roete of pad bepaal word. Die vraag is dus: “Waar bevind die Afrikaner hom op die oomblik?” Dit kan kortliks soos volg opgesom word:

• Daar is ‘n sekere deel van die Afrikaner-sakeman wat hom uit sy volk “uitpresteer” het en nou ‘n internasionale mens is. So ‘n persoon was genl. Jan Smuts. Die Afrikaner-internasionalis beskik oor die finansiële vermoë om ‘n belangrike bydrae tot sy volk se vryheidstrewe te lewer, maar het sy rug daarop gekeer.

•‘n Ander groep van die ekonomies suksesvolle Afrikaner sit in middelslag groot ondernemings waar hy vir hom welvaart geskep het. Hy klou aan sy welvaart en probeer dit verskans deur buitelandse beleggings en deur die land te verlaat en in die buiteland te gaan woeker. Die volksaak het hy afgeskryf as verlore of hy het sy volksentiment verloor. Die plaaslikes se volksidealisme word beperk tot die gesels en verontwaardiging rondom die braaivleisvuur. Die volgende dag is alles vergete en die verwerwing van nog meer welvaart is oorheersend. Laat ons dit duidelik stel, daar is geen verwyt of aanklag teen die verwerwing van welvaart nie, maar wel teen die oppervlakkige materialisme, wat in ‘n selfsugtige volksvreemde uitkyk gesetel is. ‘n Groot deel van hierdie sake-ondernemings moes dan ook swig voor die ANC-*regime* se AAS-beleid (Aandele Afpersing vir Swartes). Dié groep Afrikaners is dus nie meer die volle eienaars van hulle swaarverdiende ondernemings nie. Gelukkig is hier ook nog enkele Afrikaners wat hulleself nog met hulle volk vereenselwig, maar ongelukkig veels te min.

• Nog ‘n sakegroep is die kleiner ondernemings. Hier is daar gelukkig heelwat meer persone binne die volkbehoudenis. Dit blyk dus dat ons op hierdie deel van ons volksgenote moet konsentreer. Natuurlik kan ons steeds bly hoop dat daar besinning by die voorafgaande twee groepe mag intree terug na hulle volk. (Dit sal natuurlik gebeur wanneer die voordeel by die volk reeds daar is, maar dan is hulle minder nodig as nou).

• Daar is ook die Afrikaners in senior bestuursposisies in groter maatskappye. Hier het die ANC-*regime* ongelukkig ook sy kloue ingeslaan met Affirmative Action (asseblief tog nie Regstellende Aksie nie; dit is semantiese bedrog!). Dit belemmer grootliks die indiensneming en loopbaanvooruitsigte van volksgenote. Gelukkig is daar nog persone in hierdie posisies wat medelye met hulle volksgenote het en geleenthede probeer skep. Hierdie groep persone het ‘n verdere waarde in die volkstryd omdat hulle hul in die hoë inkomstegroepe bevind en hulle bydraes in finansiële terme en bestuursvernuf goud werd is vir hulle volk se vryheidstrewe. In hierdie groep vind ons heelwat groter getalle wat nog saam met die volk is.

• Daar is ook die belangrike werkerskorps onder die Afrikaner. Ons vind hulle in die posisies van staatsamptenare, klerikale personeel, assistente, vakmanne en vele ander posisies. Dit vorm die kern van die volk en gelukkig is hulle nog tot ‘n groot mate volksgesind. Dié groep se invloed moet nie onderskat word nie, want dit is waar die koopkrag en werkkrag gesetel is. Hulle persoonlike bydraes (tyd en geld) dra in ‘n groot mate by om ons volk se momentum te behou.

• Laastens is daar die deel van die volk wie se ekonomiese aktiwiteite tot stilstand gekom het en waarvan die getalle op meer as 600 000 geskat word. Hierdie volksgenote het ons ondersteuning nodig soos nog nooit tevore nie. Dit is ons Christelike plig en as ons dit verwaarloos, verloor ons hulle ook as volksgenote, want hulle verkeer in die uiterste ellende en morele verval is aan die toeneem. Binne hierdie bedreiging is daar gelukkig ook ‘n unieke geleentheid. Dit is naamlik dat dit aan ons as volk die geleentheid bied om hierdie mense in ons huishoudings te betrek met dienste soos reinigingsdienste, instandhouding, tuindienste en huishoudingsbestuur. Om hulle hierby te betrek, gaan nie maklik wees nie, want dit het sogenaamde vernederende werk geword. Ons moet die persepsie regstel, hoe gouer hoe beter. Ons moet die slagspreuk “arbeid adel” vestig en uitleef. In Europa is dit nie vernederende werk nie.

Daar is ook ander terreine, buite die huishoudelike, waar ons afhanklik geword het van volksvreemde arbeid soos die vervaardigings-, landbou- en konstruksiebedrywe. Groter meganisasie, tesame met die intrekking van volkseie arbeid, kan selfstandigheid bevorder.

Aanstaande week: Ekonomiese kragte van die Afrikaner en die ekonomiese strategie